

GEDENKBOEK

TER EERE VAN DIE

Genootskap van Regte Afrikaners.

(1875—1925.)



Uitgegeev deur die Afrikaanse Studentebond,

1926


3. MAI 1931
26/34.



Gedruk deur

„DIE WESTE”-
DRUKKERY,
POTCHEFSTROOM.

1926.



Ds. S. J. DU TOIT, die leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging

*Opgedra aan
Jong Suidafrika.*

INHOUD.

VOORWOORD	bls. 7
INLEIDINGSWOORD	9

DEEL I.

H O O F S T U K I.

DIE KULTUUR — HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBE- WEGING, deur Prof. M. C. Botha	21
--	----

H O O F S T U K II.

DIE EERSTE AFRIKAANSE GESKRIFTE — VERAL VOOR 1875, deur Prof. Johannes J. Smith	34
---	----

DEEL II.

H O O F S T U K I.

DIE BETEKENIS VAN DIE GENOOTSKAP, Toespraak gelewer deur G. R. von Wielligh ..	46
---	----

H O O F S T U K II.

PERSONLIKE HERINNERINGE VAN DIE PA- TRIOETMANNE, deur Mnr. G. R. von Wielligh ..	56
MR., MISS, MRS.	66
EEN VERDEDIGER VAN BURNS	69

H O O F S T U K III.

DS. S. J. DU TOIT AS LEIER VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING deur Dr. G. Dekker	72
--	----

H O O F S T U K IV.

OOM LOKOMOTIEF, deur Mnr. Thos Blok	81
---	----

H O O F S T U K V.

C. P. HOOGENHOUT. PERSOONLIKE HERIN- NERINGE UIT SY LEWE EN WERK, deur Mnr. P. Imker Hoogenhout, B.A.	97
---	----

H O O F S T U K VI.

MELT JACOBUS BRINK, (1842 — 1925.) deur Prof. Johannes J. Smith	107
--	-----

H O O F S T U K VII.

DIE GEES VAN DIE EERSTE TAALBEWEGING, deur Dr. D. F. Malherbe	113
--	-----

H O O F S T U K VIII.

TAALSTREWE EN TAALBESKOUINGS VAN DIE PATRIOTMANNE, deur Mnr. M. S. B. Kritzinger, M.A.	123
--	-----

H O O F S T U K IX.		bls.
DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS EN DIE BYBELVERTALING, deur Prof. Dr. J. D. du Toit		138

H O O F S T U K X.		
INVLOED VAN DIE VOLKSPOEIE OP DIE EERSTE TAALBEWEGING, deur Dr. S. J. du Toit		149

H O O F S T U K XI.		
DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS HERDINK, deur Dr. D. B. Bosman		155

DEEL III.

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.

H O O F S T U K I.		
DIE EERSTE EN TWEDE AFRIKAANSE BE- WEGINGS, deur Dr. P. C. Schoonees		164

H O O F S T U K II.		
PROPAGANDAWERK VAN DIE TWEDE AFRI- KAANSE TAALBEWEGING IN DIE SUIDE, deur Prof. Dr. E. C. Pienaar		208

H O O F S T U K III.		
DIE BYBELVERTALING IN DIE TWEDE AFRI- KAANSE TAALBEWEGING, deur Ds. C. W. M. du Toit, (Bloemfontein)		225

H O O F S T U K IV.		
DIE JONGER GENERASIE IN ONS DIGKUNS, deur Dr. J. R. L. van Bruggen		237

DEEL IV.

Taalkwessies.

H O O F S T U K I.		
DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING, deur Prof. Dr. T. H. le Roux		256

H O O F S T U K II.		
FLEKSIE- EN DEFLEKSIE-VERSKYNSELS IN AFRIKAANS, deur Dr. A. C. Bouman		278

H O O F S T U K III.		
'N STANDAARDWOORDEBOEK VAN AFRI- KAANS, deur Prof. Dr. S. P. E. Boshoff		307

H O O F S T U K IV.		
ISMES IN AFRIKAANS, deur Dr. J. J. le Roux		329

DEEL V.

Werke in en oor Afrikaans.

H O O F S T U K I.		
LYS VAN BOEKE IN AFRIKAANS		367

H O O F S T U K II.		
BOEKE EN GESKRIFTE OOR AFRIKAANS		380

VOORWOORD.

MET die laaste kongres van die Afrikaanse Studentebond (Bloemfontein, April 1925), is besluit om 'n kommissie te vorm wat wetenskaplike werke sal uitgee om die doel van die A.S.B. te help bevorder. Aan die twee A.S.B.-takke van Potchefstroom (P.U.K. en Normaalkollege) is deur die kongres opgedra om so'n kommissie saam te stel. Intussen het die twee takke laaste jaar besluit om plaaslik die Stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op die 14e Augustus 1925 feestelik te vier en terselfdertyd 'n Gedenkboek uit te gee.

Sodanige kommissie is deur die twee takke in die lewe geroep. Later is die kommissie deur die A.S.B.-hoofbestuur verhef tot die kommissie van die A.S.B. met bogenoemde doel.

Dit is vir die kommissie dan 'n groot genoë om hierdie Gedenkboek volgens opdrag uit te gee.

Dit is 'n Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners vir die werk wat hulle begin het.

Dit is 'n Gedenkboek van die wording, groei en bloei van die Afrikaanse Taal. Daarom is nie net die Eerste Afrikaanse Taalbeweging daarin vervat nie maar ook die Twede wat dan beskou word as die *gebou* wat op die eerste as *fondament* opgetrek is. Na 'n 50 jaar van stryd en worsteling vir die regte van Afrikaans, kon ons op die 14e Augustus 1925 die Jubileumfees vier ter gedagtenis aan die Genootskap van Regte Afrikaners wat die taalstryd begin het. Maar ons het nie alleen die *stigting* van die Genootskap herdink nie, maar ook die *oorwinning* van Afrikaans gevier. Ja ons sal selfs binnekort ons Bybel in Afrikaans hê en daarby nog 'n Standaardwoordeboek! Dit is dan ook 'n vreugde vir Suid-Afrika maar veral vir Jong Suid-Afrika om die pionierswerk van ons voorvaders op hierdie manier te gedenk en in ere te hou. Daarom is dit vir die A.S.B. 'n groot blydschap om hierdie Gedenkboek aan te bied as blyk van hulle hoogagting, eerbetoon en waardering vir die stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners, maar ook vir hulle wat in die Twede Taalbeweging die banier van Afrikaans hoog gehou het en nog hou—in één woord aan almal wat gedu-

rende die *Taalbewegings* (1875-1925) hulle man gestaan het vir Volk en Taal. Op ons rus die taak om in hulle voetspore te wandel en ons Moedertaal suiwer te bewaar!

Ons hartlike dank kom ook toe aan almal wat deur hulle bydrae en raad daartoe meegehelp het om hierdie Gedenkboek uit te gee. Maar insonderheid is ons dank verskuldig aan die waarderende raad en hulp van Drs. S. P. E. Boshoff en J. D. du Toit, veral waaf ons nog maar onervare in hierdie soort van werk was. Ook moet ons vir Dr. J. D. du Toit bedank vir die brief van Pannevis en vir die portret van Ds. S. J. du Toit; vir Mnr. von Wielligh vir die brief van D. F. du Toit ens.; en ook nog die twee voorsitters van die A.S.B.-takke vir die jaar 1925, Mnr. H. du Plessis, B.A., en Mnr. A. G. Roodt vir hulle onvermoeide hulp en raad.

Dan is die kommissie ook baie jammer dat die Gedenkboek so laat sy verskyning maak. Dit sou al teen die end van 1925—dus nie lang na die Jubileumfees nie—uitgekóm het maar deur allerhande moeilikhede en werksaamhede wat baie kosbare tyd in beslag geneem het, bied ons hom nou aan, byna 'n jaar na die fees maar beter afgewerk as wat dit vroeër die geval sou gewees het. Heel party skrywers het ons op die laaste oomblik teleurgestel sodat die Gedenkboek nie so afgerond kan uitgegee word nie as wel die oorspronklike plan was. Veral is dit die geval met die stuk oor „Propagandawerk van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in die Noorde” wat moes aangesluit het by „Propagandawerk in die Suide.”

Hiermee stuur ons dan hierdie Gedenkboek as eerste vrug van die A.S.B. op hierdie gebied die wêreld in. Ons hoop en vertrou dat hy Suid-Afrika maar veral Jong S.-Afrika sal inspireer tot 'n lewe in kennis van die wording, groei en bloei van ons Taal en daardeur 'n liefde vir ons Moedertaal, maar ook tot 'n volle besef van die verantwoording wat op die skouers van ons rus as kinders van die ou voorvegters vir Volk en Taal in Suid-Afrika!

Namens die A.S.B.-kommissie:

P. J. DE KLERK, B.A., Voorsitter.


A. J. KOEN, Sekretaris.

J. L. ERASMUS.

P. G. W. SNYMAN.

Potchefstroom.

Junie, 1926.



INLEIDINGSWOORD.

Deur Mnr. G. S. NIENABER, Voors., A.S.B.-Hoofbestuur.

DIE Afrikaanse Studentebond is eintlik 'n historiese voortsetting van die Werda-organisasie van die Suide, 'n uitlewing van 'n kragtig-ontplooïende nasionaliteitsbesef. Dis 'n uitvloeisel van lewenslustigheid en handhawingslustigheid gefondeer op die wet van laat-jou-geld-of-gaan-onder. Die verstandelike roem en room van Jong Suid-Afrika aan ons Uniwersiteite, die miskien oormoedige jong manne van 'n jong volk, wat doelbewus en pligbewus word, het georganiseerde beweginge in die lewe geroep om eendragtelik sover dit hulle betref aan die Nabothswoord toepassing te laat geskied: „Dat late de Heere verre van mij zijn dat ik u de erve mijner vaderen geven zou” (1 Koningen 21 vers 3). In hierdie gees is die Afrikaanse Studentebond in Junie 1916 te Pretoria gebore.

'N *Afrikaanse* Studentebond, omdat die reddingsaad in getrouheid lê, getrou aan die „tradisionele Volkskarakter”, aan die taal, aan die self, wesenseenders met die omgewing waaruit dit groei, stof van daardie stof. Maar dis ook 'n *Studentebond*, want by hierdie maatskaplike groep word die lede van die vereniging aangeref. Poginge vir uitbreiding tot die middelbare skole het misluk—het net poginge gebly. En eindelik, dis 'n *bond*, 'n sameknoping van die Vrystaatse en Transvaalse Uniwersiteits- en Normaalkollegestudente uit hoofde van 'n gemeenskaplike strewe en van algemene belange. Dit is dan ook die grootste studenteliggaam van Suid-Afrika in diens van Idealisme en behalwe die jonge *Nusas* ook die sterkste. Daarom kon die bond met so'n gesag optree vir die behartiging van studentebelange en veral in die nalewing van sy ideale soos geformuleer in die doelstelling:

- „(a) die wetenskaplike ontwikkeling van sy lede ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkskarakter,
- „(b) die voorstand van Afrikaanse kultuur, soos beliggam in die Afrikaanse Taal, Lettere, Kuns en Geskiedenis.” (A.S.B.-Statute.)

Dis nie ons doel om die bondsideale te verkondig of om ons eie basuin triomfantelik te blaas en uit te sing wat veral gedurende die laaste drie jaar reeds gedaan is nie. Dis byna ook onnodig om die aandag daarop te vestig dat die A.S.B. vroeër toe dit die enigste studenteliggaam in die helpmekaarwêreld was nie net die idealistiese kant van ons kollegelewe bearbei het nie, maar ook sy oog op die stoflike belange gehou het. So b.v. toe die spoorweg-otoriteite bepalinge wou neerlê waarvolgens studente oor die 21 jaar gedurende vakansietye volprys moes betaal, het die A.S.B. met massavergaderinge, protesbriewe en alternatiewe voorstelle sy gewig laat voel en tenminste verkry dat tuis-en-weer-reis (van die huis na die studie-sentrum) teen vermindering geskied. Wie van hulle wat die bondsgeskiedenis ken onthou nie nog die hewige mediumstryd aan ons Uniwersiteite nie, die aanhou vir gelyke taalregte in daad, e.m.!

Maar die swaartepunt is geleidelik verplaas geword. Liewers as 'n handhawingsstryd is dit vandag 'n kultuurstryd, moet bewyse van eie rypheid en volle individualiteit gegee word, van erns in 'n ander sin as vroeër. Nie meer braak nie, maar nou saai en bewerk; nou minder swoeg vir taalerkenning as aanvaarding van wat erken is. Die plig stel ook groter eise as ooit tevore: dis nou opbou, konstruksie; die ideaal is hoër gestel en heet: die deur smaad en verguising ontstane minderwaardigskompleks moet ontbind word en 'n verdiende trotsgevoel, nee-nee, 'n gelykwaardigheidsgevoel moet aangekweek word. Want die slaaf is hy wat hom niks meer as slaaf beskou nie.

Dit word dan duidelik waarom die Bond by sy laaste kongres op Bloemfontein aan die Potchefstroomtakke opdrag gegee het tot die samestelling van hierdie gedenkalbum. Maar 'n ander feit het eintlik die deurslag gegee, naamlik dat 1925 in ons taalgeskiedenis 'n herdenkingsjaar is. Soos Martin Luther presies 400 jaar gelede die priesterlike selibaattradiesie verbreek het deur sy openlike huwelik, so het presies 50 jaar terug die Genootskap van Regte Afrikaners met 'n ander tradiesie verbreek, of

liowers met wat 'n soort van tradiesie geword het, naamlik die geloof in die heilgewende Engelsheid in taal, lektuur en sentiment.

Volgens kongresbesluit moes die stigtingsdag van die Genootskap (14 Augustus), deur alle takke herdenk word wanneer een of ander funksie moet organiseer word om ook vir die Bybelvertalingsfonds geid in te samel. Immers dit was die aanvanklike doel van Pannevis e.a., dat die Bybel in Afrikaans as propagandamiddel moes dien en hierom oorgesit moes word terwyl Ds. du Toit en die Genootskappers die inwersionêre maar juiste stelling gehandhaaf het: Versoen eers die volk met hulle eie taal en hulle sal self dan die Bybel daarin wîl hê, daarom vra.*

Veral die Bloemfonteintakke het op 'n pragtige manier hulle waarderingbewys gelewer vir die werk van een van hierdie aanvoorders deur die onthulling van 'n grafsteen van blou graniet, wat gewy is aan die nagedagtenis van die eertydse stadgenoot, Oom Lokomotief, en deur die daarstelling van 'n „Oom Lokomotiefstudiebeurs” ten behoewe van studente aan die Grey Uniwersiteitskollege. Die ander takke het die aand vergaderinge gehou toe belangrike persone as sprekers opgetree het. Die verkoop van koffie en boerbeskuit en die ou liedere wat gesing was het duidelik genoeg verraai waarvan die hart oorge-loop het.

Die Album wil dan 'n gedenkdaad wees. Dit wil soos 'n spieël die morele moed en karakterkrag van ons goedgebalanseerde Taalvaders aantoon wat met oortuigingsgloed maar beheerste hartstog vir die goeie reg van hulle saak gestry het. Om die perspektief juis te hê, pas dit dan om 'n oorsigtelike kort sketsie van die agtergrond te gee waaruit die beweging gegroei het. Of liowers net 'n aantoning van die botsende belange tussen die twee wit rasse, ten opsigte van die omgangsmiddeum.

Laat die periode 1806—1875 gemaklikerwys in twee dele geskets word.** Die eerste tydperk tot 1836—1839 is die van sentralisasie van mag en geweldadige verenigingspoginge teenoor die sentimentele filantropie wat

(*) Vgl. G. R. v. Wielligh: *Baanbrekerswerk*, pp. 11, 13—14.

(**) Die Outeur van *Een Eeuw van Onrecht*, wat sy verdeling in 'n ander verband maak, noem hierdie periodes: „Het eerste tijdperk: Politiek van veragting” (p. 61) en „Het tweede tijdperk: Politiek van Bedrog en Traktaat-schending” (p. 62).

toe die wêreld beheers het, ('n kontras soos wanneer in die liggende more 'n kaffer die koppie koffie bring.) Want verengelsing was die regeringsideaal vir die Boere. Die woorde in die oorgawe: „De burgers en ingezetenen zullen alle hunne Regten en Voorregten, welke zij tot hiertoe hebben genoten, blijven behouden...”* waartoe ook hulle taal behoort het, is beloftetaal van 'n swak pedagoog aan 'n kindjie wat nog moet leer dat „vertrouwe” in sy „versorger” ydele waan is. Daardie woorde in hulle verskriklike vaagheid is net 'n gesus, 'n Slaap-maar-kindjie. Trouens, “It seemed absurd that such a small body of people (they were only a little over thirty thousand in number) should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire.”** Dat hierdie wesenlik die gestelde imperialistiese doel was bewys feite. Die vaderlike raad van Generaal Collin in 1809 gegee, (dus nog voor die Kaap wetlik in Engelse besit was): „Import English teachers and the next generation will be Englishmen”*** wys in watter rigting die kompasnaald draai, al het hierdie uitlating in sy alleenstaandheid en sonder verband nie groot bewyskrag nie. So ook sou Cradoek se administratiewe planne ien opsigte van die voertaal nog deur 'n fanatiek kan verdedig word aan die hand van sy eie uitspraak dat die werk versnel en die doeltreffendheid verhoog word wanneer alle offisiële stukke van 'n engelse vertaling vergesel word.**** Maar dan, hierdie gedagte het eis geword in..... 1813.

Tog sou hierdie gegewens as toevallighede kan beskou word as 'n dubbele feit dit nie onhoudbaar gaan maak nie. Die erns van die Imperiale Regering om hierdie nuwe ideale te verkondig en ander belange gaande te maak blyk eers indirek, in die wetgewing wat so-te-sê alle mag in hande van haar verteenwoordiger laat. En Lord Charles Somerset het sy opdrag goed verstaan. Deurdat die mag nou in *een* persoon gesentraliseer is (die 1825-Raad was 'n pypkanraad) kon hy sonder oponthoud of

(*) Vgl. Dr. W. J. Leyds: *De Eerste Annexatie van de Transvaal*, p. 14.

(**) Theal: *Progress of South Africa*, p. 110, aangehaal deur Dr. E. Malherbe: *Education in South Africa*, p. 57.

(***) *Education in S.A.*, p. 57, voetnoot (8)

(****) Vgl. Dr. E. Eybers se dissertasie, wat in vervolgstukke verskyn in die „*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*”, Volksblad. (Jongste afleweringe.)

kontrolerende steurnisse sy wil laat uitvoer deur handlangers in sy diens. Die toepassing hiervan op 'n volk wat 'n aristokratiese karakter verdien het deur sy oorwinningstog teen 'n ongehoorsame natuur moes noodwendig lei tot 'n uiteindelijke dewolusie van outoriteit. Want die Afrikanervolk het nie 'n vryheidsnuk nie, maar 'n onuitbluslike vryheidspassie... miskien as 'n ongeneeslike siekte.

'N ander aspek van die anglisasiepolitiek is die waar *direk* op die doel afgepyl word. Die strewende van denasionalisering manifesteer hom nou in 'n tiepies-Somersetsiaanse wetgewing, wat bevele van 'n enkeling meen, dienstig aan die doel van 'n eenling maar vir die belange van die groep. „Op 5 Julie 1822 word 'n proklamasie uitgevaardig, dat o.a.:

(1) van na 1 Januarie, 1823 af alle offisiële dokumente van of aan die goewernementssekretaris in Engels moes opgestel wees;

(2) voorlopig alle ander offisiële aktes in Engels of in Hollands kon opgestel word; maar

(3) dat na 1 Januarie, 1825 alle offisiële dokumente ens., uitsluitend in Engels moes gestel wees;

(4) voorlopig Hollands sowel as Engels kon gebruik word in regsake; maar

(5) dat na 1 Januarie, 1827 alleen Engels in alle sulke dokumente en regsake offisiële erkenning sou geniet.**

So is die taal dan uit die geregshowe verban in ruil vir die van elke *een* ingeburgerde uit elke agt, of om Ds. George Thom se berekening te volg, een uit elke tien.** Dat dit verset uitgelok het was te verwagte en die moeilikheid om genoeg jurieslede vir die rondgaande Hof te verkry in 1828 ken almal. Nieteenstaande hierdie tekens van ontevredenheid is daar bewyse voorhande dat van sommige die wil so waterig was dat dit die vorm van die vat aangeneem het. So lees ons by C. Rose ('Four Years in Southern Africa') 'n opmerking wat hy voor 1829 gemaak het: "Most conquered or ceded colonies receive from the conquerors the stamp of their manners and customs; and though the elder Africans keep a sore and sullen distance, yet *their sons and daughters move with the*

(*) Dr. S. P. E. Boshoff: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 408.

(**) Cf. Dr. Eybers se tesis, onder afdeling: „Die Anglisasiepolitiek.”

march of events, (if not of intellect,) and *make an attempt at imitation* not always unsuccessful. It is thus the society of Cape Town is a *copy of English society* (pp. 1—2).

Then the Cape ladies are frequently pretty, dance well, flirt readily and *speak their broken English softly* (p. 5).*

Dit bewys niks meer nie as dat Kaapstad as 'n handelsentrum toeganklik was vir Engelse invloed, waar die materiaal *sport- en plesiergesindes* is. Die seestroming soos waarneembaar aan die oppervlakte neem die rigting na Engeland toe, maar die Ysberg dryf nie saam nie. . . . want die onderstroming is te sterk. Die botsing is onuitblyflik. Polities openbaar die teenstand hom in die Groot Trek. By die skynbaar-passiewe agtergeblewenes verkry die weerstand aktiewe karakter in die oprigting van private skole en die wegkwyning van die Government Free Schools met hulle goedgekwalifiseerde en goedgesalarieerde en goedbegunstigde "made-in-England"-onderwysers. Reeds in 1837 is die aandag van Goewerneur Napier "*speedily drawn to the defective and inefficient state of the government schools which had been established in the several districts*" en in 1838 moes hy die skole op Paarl, Salem en Port Francis sluit. Tog was daar kinders genoeg. Tog word die privaatskole vet. Want daar word die Hollandse taal nie onderdruk nie, is geen skynvryheid en bedekte bybedoelinge nie. Hier is vlakopenheid, hoewel in bossie-armoede (swak onderwysers). Jannie en Johnnie, twee harde koppe, het rusie gekry.

Die tweede periode is die van stelselmatige verengelsing met die skole as uitgangspunt. Die twee gedagtes wat ons kortliks wil aanstip is weer bewysvaardig vir die onveranderde sin van die regerende deel. Want die 1839-Ooreenkoms rus op die Napoleontiese spreuk: Laat aan die volk die skede en behou self die swaard. Dit is 'n ooreenkoms wat iets gee om 'n jodeprofyet in te oes. Aan die Boer val die Klaasrol toe, die ander sal die Baasrol goedgunstiglik oorneem en waarneem. Sy bevele gaan gepaard met Paradysbeloftes. Sy tegemoetkoming is groot. Want daar word bepaal dat in die Government Free Schools onderrig in Hollands 'n deel sal uitmaak "of the elementary course of instruction in all schools where it (is) required" (Govt. Mem. 1839). Verdere

(*) Ons Kursivering.

tegemoetkoming geskied in 1834 toe die privaatskole in die ban gelok word deur 'n £30-toesegging voorwaardelik aan invoering van Engels in die kurikulum en aan goewernementele inspeksie. Tog was dit nodig geag om nog verder toe te gee in 1845 veral ten opsigte van godsdiensonderwys (die Bybel mag nou gelees word, maar sonder kommentaar) en van vertaling uit Hollands in Engels, en visa versa. Maar die aas het 'n weerhaak in die boesem gebêre. Die berustende en kinderlik-gelowende Boer word half-half versoen; hy stuur sy kind skool toe. In 1845 was daar twaalf maal soveel kinders in die Goewermentskole as in 1839.* Hier het boetie geleer om te „pry”,** is hy gepeper met „Jokrivier”,** “Cape History”, “English History”, “English Grammar” en ook die vir inspeksiedoeleindes onnodige en eintlik ongenodigde Hollands, wat dan enersyds as skoolvak natuurlikerwyse in waarde afgeneem* het en andersyds deur die ingevoerde Skotse onderwysers selfs van na 1839, die kon doseer word nie, al was dit ook deur die plaaslike skoolkommissies “required”. En die Normaalkollege van Kaapstad wat in 1842 in Newstraat onder leiding van Thom. Buchanan gestig is, was 'n skitterende fiasko.

Engels het oorwin. Hoewel skole waar eentaligheid, d.m. Engels, streng toegepas is maar gesukkel het met 'n mooi Register van Skoolbesoek,*** tog moet die Onderwyswet van 1865 as die oorwinning van die Engelse taal beskou word... op skool. Maar 'n taal leef in die hart. Artikel No. 13 van genoemde wet het bepaal dat parlementêre finansiële steun alleen kan verleen word as o.a. die medium van instruksie in die Eerste en Tweede klas skole Engels is en as die Derde klas skole binne 'n jaar dieselfde feit kan konstateer.****

Deur groot doses van Imperiale Ideale het *suggestieweld* die Hollandse taal en die Boeregewoontes en hulle konserwatisme in die jeugdige ogies van die opgroeiende Afrikanerkinders 'n haatlike kleur gegee. En suggestie is een van die sterkste moderne helde, getuie M. Coué.

Maar waar het ons kerk dan gebly? Die ingevoerde

(*) Vgl. Dr. E. Eybers.

(**) Dr. O'Kulis: *Die Eselskakebeen*.

(***) Vgl. die verslag van Mnr. Stucki in v. Wielligh: *Eerste Skrywers*, (2de druk.

(****) *Educ. in S.A.*, p. 97.

Skotse predikante van 1824 is in die eerste plek ook menslike mense en in diens van die Goewerment deur wie hulle betaal word, en dus nasionaal, nieteenstaande die meesterlike aanpassing van sommige nie. Tog was die kerk die verpleegster van die Hollandse taal en het die onderrig daarin voorgestaan. Want die skaarste van die versamelde kennis middels die vreemde taal was te opvallend, en die oortuiging was sterk dat om die Blanke in staat te stel om sy beskawingspeil te behou teenoor die barbare en die heidendom hy *die Boek in 'n* vir hom verstaanbare taal moes lees. Van die vrugte van die toentertydse onderwys was dan waarlik nie veel op te merk nie. "Het ging den meesten dezer onderwijzers en leerlingen, moeten wij vrezen, als dien mageren hond met zijn mageren geleider, die Andersen eens op eene wandeling ontmoette:

Hoe komt die hond zoo mager?

Hij eet niet.

Waarom eet hij niet?

Hij krijgt niks.

Waarom krijgt hij niks?

We geven hem niks.

Waarom geven jelui hem niks?

We hebben niks."*

Juis omdat die Kerk vir die handhawing van die Nederlandse taal sal sorg as *kerktaal* en as *Bybeltaal* en hy deur middel hiervan beter in staat is om uitvoering te gee aan wat as sy roeping beskou word, was die Imperiale Verteenwoordiger so beslis om die skole sekulariseerd te kry. Laat die moontlike redder sy hande afhou! Dat geen denominasionele onderrig mag gegee word nie was een van die vernaamste voorwaardes by toekenning van finansiële steun. So ook is die kerk ten opsigte van die skole geboei, gekniehalter en gespan in-een. Behalwe die Normaalkollege wat op inisiatief van hierdie liggaam in 1878 te Kaapstad gestig is, is van hulle werk van 'n opbouende aard in hierdie sin voor 1880 nêrens iets bespeurbaar nie. Intendeel ook die kerk, die vaandeldraer, het onder die drukkende gewig orals induikinge gekry: die Yankey-er Moodieliedere; aandpreke in Engels; selfs in die Republieke, waar Hollands offisiële landstaal en kerktaal is. Skryf John Nixon in 1882 (*Among the Boers*, p. 207): "A Boer has a great reverence for two persons,

(*) Dr. G. Kalff in sy „Voorrede" tot „Dichters van den Ouden Tijd" p. viii.

his doctor and his minister. The ministers command good salaries. they are often men of superior education. I heard a sermon by the minister of the church at Pretoria in English.* There was occasionally a little quaint slip in the English.”

Ons kan nie meer feite noem nie, ruimte verbied. Dit laat die rigting egter duidelik uitkom.

Net nog 'n opmerking oor die Parlement. Die Verteenwoordigende Bestuur van 1854 en die Verantwoordelike Bestuur van 1872 wys net die dewolusionering van 'n eenhoofdige seggingskap. Hier was die enigste erkende medium vir gedagtewisseling die van die Engelse. Toe 'n sekere Mnr. Krüger uit Venterstad by die totstandkoming van die eerste Parlement in 1854 gevra het om die Huis in Hollands toe te spreek is dit hom geweier! Die nuwe geslag is al gedeeltelik versoen.

Dis iets van die toestande. Op die verwarring is egter nie gewys nie.

Die volk was duiselig van die hitte, somernamiddagloomheid het hulle bevang. Die lug was vol van die giftige gasse van die anglisasiebomme. Eers op 14 Aug., 1875, word die klein wolkie sigbaar: aanduiding van 'n naderende storm wat suiwerende gevolge in die lug sal hê. Die volk herontwaak: hulle asem weer gesond. Hulle vind hulleself. Word taalbewus en nasiebewus. Dit is die begin van die derde periode. Die vriend word ontpop as volksvyand. En die helde handel coreenkomstig. Dis hierdie vaders wat dié uitgawe ons wil leer ken: hulle self, hulle werk, hulle betekenis, hulle omgewing en die vruggevolg van hul werk tot vandag. Toe was dit 'n soort van Leonidasstryd, vyande buite en binne; aanhangers min en geen sekere hoop op oorwinning of beloning. Dit was 'n bestaansstryd.

Hoewel hierdie Eerste Beweging so-te-sê doodgeloop het was die élan vital nog te vaardig. Die Anglo-boere-oorlog het die Hollandssprekendes, soos in 'n verwante sin die Rebelle later, bymekaargegooi, die saamhorigheidsgevoel versterk. Daarom kon Prof. van Hamel tereg opmerk (Uit het Zuid-Afrikaansche Gemeenebest, p. 15): “Men kan veel eer zeggen, dat Zuid-Afrika meer dan ooit verzuidafrikaanscht. Gelijk een tooverstruik ziet men zich daar een

(*) Ons Kursivering.

natie ontplooein. Een natie, die niet meer 'iets anders' wil zijn: spruit van dit of nakomeling van dat; die geen stekje is van de Hollandsche of een aangroeiing van de Engelsche, en geen uitlooper van den Franschen of Duitschen tak,—neen, een eigen variatie op de wereld."

Ja aan die hand hiervan weer „leert men begripen wat voor een levend, onverwoestbaar ding een landstaal is,—machtiger dan de mensch en zijn ordonnantië's," (p. 96.)

Onderdruk 'n taal, heet in ander woorde, die taal bestendig. Dit gaan daarmee soos met 'n besembos. Hoe meer dit deur die diere afgetop word hoe meer die wortels deur die sap gevoed word en versterk word om by geleentheid van die volgende opwaartse poging kragtiger te klim en sy lewenserns beslister te openbaar. Die onsimpatieke behandeling was miskien juis die redding.

En nou, die Afrikaanse Studentebond bied u hierdie klein bewysie van hulle nasie- en taaltrots aan. Dit word opgedra aan die Regte Afstammeling van die Regte Touleiers. Dat hierdie gedenkdaad die doelbewuste sy plig duideliker wys, die wankelende rugsteune en die ontroue aanklaag en oortuig!

—oC—